vrystaat
KUNSTEFEES • ARTS FESTIVAL • TSA-BOTJHABA
LITERATUURFEES • LITERATURE FESTIVAL • DINGODILWENG

VRYSTAAT LITERATUURFEES ONDERNEEM BAANBREKERSWERK

Vanjaar bied die Vrystaat Literatuurfees, in samewerking met die Universiteit van die Vrystaat en die Vrystaat Kunstefees, Suid-Afrika se eerste aanlyn boekefees aan. Hierdie inisiatief, 'n uitbreiding van die literêre program wat jaarliks in Julie aangebied word, staan bekend as **VrySpraak-digitaal**.

Septembermaand is literatuurfeesmaand. Plaaslike, nasionale, en selfs internasionale skrywers en digters neem deur die verloop van die maand deel aan boekbekendstellings en -gesprekke, paneelbesprekings, en 'n verskeidenheid digkunsaanbiedings.

Die program bestaan uit meer as 40 aanlynaabiedings wat stelselmatig deur September uitgereik sal word en betrek hoofsaaklik voorafopgeneemde gesprekke en besprekings. Toegang tot die aanbiedings sal teen R15 verkry kan word en na afloop van die kaartjie aankope sal die aanbieding vir 48 uur beskikbaar wees.

Elke Maandag tot Vrydag, om 11:00 en 15:00, asook Vrydae om 17:00, word daar ook lewendige geleenthede, deur middel van *Zoom* en op die Vrystaat Kunstefees se *Facebook*-bladsy, aangebied. Die lewendige geleenthede stem ooreen met die gesprekke wat op daardie betrokke dag vrygestel word en bied geleentheid vir gehoordeelname en interaksie.

Die Vrystaat Literatuurfees se hoogs suksesvolle kinderstorie-ure word met VrySpraak-digitaal voortgesit. Antoinette Louw lees voor uit *Die storie van Racheltjie de Beer*; bekroonde kinderboekskrywer, Fanie Viljoen, leer die kleinspan om papierboodjies te vou soos in sy boek, *Pieksel*; en, bekende aktrises insluitend Anna-Mart van der Merwe en Kanya Viljoen, lees voor uit die kinderboek *Poenankies*.

Bekroonde joernalis, Ruda Landman, sit ook haar baie populêre *Ruda-om-11*-reeks voort. Landman voer onderhoude met Susan Cilliers oor haar boek, *Huis van gruwels: my 16 jaar in die Springs-hel*; en met Jan-Jan Joubert en Oscar van Heerden oor ANC-politiek en ons almal se toekoms; sy vind meer uit oor Om te boer in 2020 in gesprek met Wandile Sihlobo, Ivor Price en Kobus Louwrens; en laastens gesels Landman met Natasha Freeman oor haar boek *#ImStaying: Good Thoughts. Good Words. Good Deeds. The Unspoken Impact of the #ImStaying Movement*.

VrySpraak-digitaal se digkunskafee is uiteenlopend en opwindend, en sluit in 'n gesprek met Suid-Afrika se huidige hofdigter, Mongane Serote, oor sy nuutste bundel *S'khahlel' u-OR: a praise poem for OR Tambo* en die rol van digkuns in Suid-Afrika. Daniel Hugo lei 'n gesprek tussen die Poolse akademikus, Jerzy Koch oor sy Afrikaanse digbundel, *Pleks van plaas,* en De Waal Venter oor sy sorgsame vertalings van die Chiliese digter Pablo Neruda, saamgevat in die bundel *Vandag is boordensvol.* Ou gunstelinge, die boekeprogram se jaarlikse #VSLitfees Bekgevegkompetisie en die *Poetic Justice League 2* poësie-uitvoering is ook op die spyskaart.

Velerlei boeiende boekbekendstellings en -gesprekke vorm ook deel van VrySpraak-digitaal. Enkele hoogtepunte sluit in gesprekke met Anton Goosen en Hanlie Retief (*Anton Goosen Liedjieboer)*; Jana Marx (*Afspraak met moord)*; Annerle Barnard en Fanie Viljoen (*Sindikaat* en *Donker Web,* onderskeidelik); Gaongalelwe Tiro en Andrew Harding (*Parcel of Death: the biography of Onkgopotse Abram Tiro* en *These are not gentle people: a true story,* onderskeidelik); Willem Krog (*Alleen onder*

die maan); Albert Blake (*Robey Leibrandt: 'n lewe van fanatisme)*; Daniel Hugo (*Die verdriet van België)*; en Francois Smith (*Die kleinste ramp denkbaar)*.

Nog enkele laaste opwindende deelnemers aan VrySpraak-digitaal sluit in twee oud-Mej. SA's Rolene Strauss en Basetsana Kumalo; Madré Marais en Jolyn Phillips (*Luistervink* en *Tjieng Tjang Tjerries and other stories)*; Anchien Troskie en Christine Barkhuizen-le Roux (*Somtotaal* en *My naam is Prins, ek slaap met die lig aan)*; Anel Heydenrych en Irna van Zyl (*Die afloerder* en *Bloedsteen)*; Heinz Mödler (*En daar was dagga)*; Kobus Geldenhuys (vertalings van J.R.R Tolkien se *Die twee torings* en *Die koning keer terug)*; Chris van der Merwe en Hans Ester (*Twyfelaars wat glo: 'n Afrikaans-Nederlandse tweegesprek)*; Sue Nyathi (*Black tax: burden or Ubuntu*); en, Kim Windvogel en Kelly-Eve Koopman (*They called me queer)*.

Aanlynaanbiedinge kan vanaf op die Kunstefees webbladsy, www.vrystaatkunstefees.co.za asook by Webtickets, gevind word.

Vir meer inligting, kontak:

Corneli van den Berg

Corneli.vdberg@media24.com

0728020220

Literatuurfees koördineerder

vrystaat
KUNSTEFEES · ARTS FESTIVAL · TSA-BOTJHABA
LITERATUURFEES · LITERATURE FESTIVAL · DINGODILWENG



Die storie van Racheltjie de Beer



Die verdriet van Belgie



Anton Goosen Liedjieboer

Huis van Gruwels: my 16 jaar in die Springs-hel

Jolyn Phillips deur_by Alet Pretorius 2019

Kelly-Eve Koopman

Basetsana Kumalo


Madré Marais deur Mlungisi Louw 2020

vrystaat

KUNSTEFEES · ARTS FESTIVAL · TSA-BOTJHABA

LITERATUURFEES · LITERATURE FESTIVAL · DINGODILWENG

Stigtersborg |
Founding Sponsor

Hoofborge & Donateurs |
Principal Sponsors & Donors

Projekborge |
Project Sponsors

Mediaborg |
Media Sponsor

Jacana-uitgewers · Jonathan Ball Publishers · LAPA-uitgewers · Nasionale Afrikaanse Letterkundige Museum en Navorsingsentrum (NALN) · Naledi-uitgewers · NB-uitgewers · Pan Macmillan · Penguin Random House South Africa · Protea Boekhuis · SunMedia · The Radioactive Blog · UV Departement Afrikaans, Nederlands, Duits, en Frans · Exclusive Books

Vennote |
Partners